

Sondag 29 November

Skrifgedeelte: Amos 9:1-10 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: Amos 9:7

Soos die kinders van Kus

Die fokusgedeelte bestaan uit vrae, maar nie vrae om iets te wete wil kom nie. Die antwoorde lê in die vrae opgesluit: Julle is voor My soos die kinders van Kus. Deur die vraag word die bewering nog sterker op hulle harte gedruk, want hulle moet nou self op die vraag antwoord: Ons is vir die Here soos die kinders van Kus. Ons is niks meer nie! Ons is maar net soos hulle!

Hierdie woorde is 'n bitter pil om te sluk vir Israel, want hulle het gedink dat hulle wel meer was, baie meer, maar nou sê die Here dat hulle nie meer as die Kussiete is nie.

As die uitverkore volk van God het die HERE gesê: "*Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde, daarom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede*" (Amos 3:2). Juis daarom het Israel as die uitverkore volk van God ook besondere verpligtings gehad, maar hulle het dit nie nagekom nie! Hulle het die wet van die Here verwerp en sy insettinge nie onderhou nie. Hulle was baie vernaam in hulle eie oë (vgl. Amos 6:1) en het aan hulleself gedink as God se witbroodjie. As gevolg daarvan kom Amos se harde oordeelswoorde soos 'n sweepslag: "*Is julle nie vir My soos die kinders van Kus nie, o kinders van Israel?*" 'n Erger voorbeeld kon Amos nie kies nie, want Kus was die nakomelinge van Gam (vgl. Gen. 10:6). Hulle land word later Etiopië genoem, en so is die Kussiete die Etiopiërs van Afrika.

Die Israëliete het verder geprotesteer deur te sê: Die Here het ons uit Egipteland laat optrek! Dit is die groot feit van die ontstaan van Israel as volk. Dit het God aan hulle gedoen. Dit is tog die bewys dat hulle vir God iets besonder is. Nou kom Amos en sê dis niks besonder nie, want die Here het dit selfs met hulle aartsvyande, die Arameërs en die Filistyne gedoen deurdat Hy die Filistyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir laat trek het. So is daar in die geskiedenis baie volksverhuisings en almal staan onder die leiding van God. Elke rede om homself op die voorgrond te plaas word, uit Israel se hand geslaan.

As Israel onder die nasies geskud word, sal daar geen korrel op die grond val nie, want God sal die huis van Jakob nie heeltemal verdag nie. Christus sal oor die huis van Jakob nog ewig Koning wees. So het Gabriël vir Maria gesê. Die Here sal die vervalte hut van Dawid weer oprig en Christus het Koning geword. Israel is die ou stam waarop ons as Christene ingeënt is. Daarom mag ons op niks roem nie, want as ons iets is, dan is ons dit uit enade, sodat niemand mag roem nie. Net soos Israel het ons 'n roeping in die wêreld. Solank ons streef om die roeping te vervul, bly ons vanself nederig, want hoogmoed gaan altyd gepaard met pligsversuim en as ons ons daaraan skuldig maak, sal die Here ook vir ons sê: Jy is vir My niks meer as enigiemand anders nie.

Sing: Psalm 87-1:3, 5

Ds. P Cilliers (Pierre) (Daniëlskuil/Duineveld)